



# Ligdraer

## Gereformeerde Kerk Ontdekkers

20 Januarie 2019

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

### Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by ons ontmoeting met die Here

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur  
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte

Ons nooi almal vriendelik uit om na  
afloop van die erediens saam met  
ons 'n koppie tee/ koffie  
in die saal te geniet. Kom  
kuier lekker saam en leer  
mekaar ken.



Kleuterbediening tydens oggenddiens:

Al ons maatjies (3 – 7 jaar)

Maandae: 19H00


Dinsdae 9H00: **Aan huis  
van Lucia Erasmus**

Woensdae: 8H30

Donderdae: 9H00

**Jong volwassenes:** Evert & Cherése

Kleynhans



Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

Skakel ons!



011 672 3810

Stuur e-pos!



info@ontdekkers.org.za



www.ontdekkers.org.za

Besoek ons webbladsy

“LIKE” & “SHARE”

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

**A**lles dui daarop dat 2019 vol gebeure en uitdagings gaan wees, maar onthou hierdie woorde van God in Deuteronomium 11:11-12 *"Maar die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, is 'n land van berge en laagtes wat van die reën van die hemel water drink; 'n land waar die HERE jou God voor sorg; die oë van die Here jou God is altyddeur daarop, van die begin van die jaar tot die einde van die jaar."* Gaan dan hierdie jaar binne en WEET dat ons God altyd in beheer is.

**Dink asseblief in julle gebede aan:**

- ❖ **Gert de Jager en sy familie** met die afsterwe van sy broer. Ons innige simpatie aan die familie en ons gebed is dat die Here vertroosting sal bring.

**Onthou: Sondagaand vier ons Nagmaal.**

- Baie geluk aan **Toit en Retha Maritz** wie se dogter op Saterdag, 19 Januarie, in die huwelik getree het.
- Skryf die datum neer: 1 – 3 Maart 2019 gaan ons weer by **Kokoriba Wildreservaat kamp**. Meer besonderhede sal volg.
- Donderdagaand, 7 Februarie 2019, om 19H00, tree die Nederlandse orrelis, **Martin Mans**, hier in Ontdekkers op. Kaartjies is in die kantoor teen R 100.00 /persoon beskikbaar. Besprekings kan by die kerkkantoor gedoen word.
- Die **Sustersaamtrek** word op 9 Maart 2019 by die GK Bergbron gehou. Indien jy belangstel om die saamtrek by te woon skryf asseblief jou naam op die lys in die kerkkantoor. R 110 /persoon indien betaling voor/op 31 Januarie 2019 ontvang word en R 120 vanaf 1 Februarie 2019. Besonderhede van die saamtrek is op die kennisgewingbord in die saal.

**Het jy al van die "WhatsApp Broadcast List" gehoor?**

Die voordeel is dat inligting baie vinniger aan lidmate gestuur kan word en dit is nie nodig om in die kantoor te wees en van die sms stelsel op die rekenaar gebruik te maak nie. Vir hierdie doel het een van ons lidmate

'n selfoon aan die kerk geskenk. Die nommer kan ook gebruik word om die kantoor te kontak, omdat dit goedkoper is om van selfoon na selfoon te skakel.

Die "List" word deur die "Admin" (Mockie) opgestel, met ander woorde almal wat in 'n spesifieke groep is, ontvang die boodskap soos enige ander WhatsApp boodskap. Daar kan verskillende "Broadcast lists" wees, bv. 'n groep vir die kategete, lidmate, ouderlinge, diakens, jeug, ens.

Indien jy op die boodskap reageer sal net die "Admin" (Mockie) jou boodskap ontvang. Geen ander persoon in die groep sal weet wat jou antwoord of reaksie aan Mockie is nie. En belangrik: indien jy 'n boodskap aan een van die ander persone in die "list" wil stuur moet jy weet wat sy/haar nommer is en die gesprek is dan privaat tussen julle, soos 'n gewone WhatsApp chat.

Baie belangrik: jy moet die selfoonnommer van die kerk as 'n kontakpersoon onder jou kontaknommers "save" anders sal jy nie die boodskappe ontvang nie.

### **Dit werk dus as volg:**

1. Jy "save" 060 342 3316 op jou foon as 'n "contact". (die kerk se selfoonnommer). Jy gaan geen WhatsApp ontvang indien jy nie stap 1 doen nie.
2. Jy stuur 'n sms **of** 'n WhatsApp met jou naam en van na 060 342 3316 indien jy 'n WhatsApp met inligting wil ontvang en indien jy slegs 'n sms kan ontvang moet jy dit ook aandui asseblief.
3. Mockie "save" jou nommer op die kerk se selfoon en jy sal enige vuur warm nuus uit die kerkkantoor ontvang.

**Indien daar enige onduidelikheid oor die proses is moenie huiwer om hulp te vra nie. Ons jeug sal oor hulle voete val om julle te help aangesien hulle so goed weet hoe vandag se tegnologie werk.**

**Volgende week vertel ek julle van RoepTv. Gegroet tot volgende week! ☺**

## OGGENDDIENS

**TEMA:** Jesus verbind Homself tot ons verlossing!

### Stemmingsliedere

Lied 302: 1 - 3

Lied 276: 1 & 2

### Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Lofsang: Ps. 18: 1 & 2

Geloofsbelydenis: Apostolicum

### Versoeningsdiens

Wet: Eksodus 20

Skriflesing: Romeine 3: 21 & 22

Ps. 25-2: 2 & 4

### Woorddiens

Gebed

Lied 175

Skriflesing: Mattheus 3: 1 - 17

Fokusvers: Mattheus 3: 15

### Antwoorddiens

Gebed

Sb. 17-2: 3 - 6

Groetseën

AMEN



## AANDDIENS

**TEMA:** Watter dankbaarheid is gepas?

### Stemmingsliedere

Ps. 107: 1 & 3

Lied 466: 1 & 4

Lied 562: 1 & 3

Lied 459: 1 & 4

Lied 563: 1 & 3

### Ontmoetingsdiens

Votum & Seëngroet

Ps. 103: 1 & 2

### Versoeningsdiens

Selfondersoek: Formulier

Lied: 245: 1 & 2

### Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Psalm 119: 105-112

Fokusvers: Psalm 119: 108

### Nagmaal

Instelling: Formulier

Lied: 302: 1 - 3

Lied 304: 1 & 2

### Antwoorddiens

Gebed

Lied 188: 1 & 2

Groetseën

AMEN